DESEMBER NUUSBRIEF

10 / 2017

WELKOM AAN MAHUBE DIAMONDS

Daar het onlangs 'n nuwe bemarkingsentiteit sy deure oopgemaak te Kempton Park – Mahube Diamonds. Hulle is ook nou 'n lid van SADPO en beklee 'n plek op ons Nasionale Komitee. Hulle sal op versoek vanaf die produsent die 0.15% bydrae aftrek en aan ons oorbetaal. U is welkom om hulle te ondersteun.

2017 ALGEMENE JAAR-VERGADERING

Ons het ons algemene jaarvergaderings gehad te Wolmaransstad (7 November 2017) en Kimberley (8 November 2017) en alhoewel die bywoning beter as verlede jaar was, was dit steeds ontstellend swak. Ooreenkomstig ons organisasie se grondwet is ons verplig om verslag aan ons lede te doen. Dit is 'n jammer dat so min van u dit kon bywoon. Die vergadering se

AANSOEKE WAT LANK UITSTAANDE IS BY DMR

Daar is onlangs berig dat selfs De Beers probleme ervaar met die goedkeuring van aansoeke, aangesien dit die 300 dae oorskry. Tans het De Beers 54 prospekteer aansoeke (explorations applications) uitstaande by DMR, party reeds meer as 2 jaar. Ons is bewus daarvan dat ons lede dieselfde probleme ervaar. Ons verseker u dat SADPO alles in sy vermoë doen om hierdie probleem onder die

GESELS MET ONS!

Is daar iets wat jy voel ons verkeerd doen? Het jy 'n voorstel of gedagte wat jy dink jou mede-delwers en die industrie by sal baat? Ons wil graag hê jy moet dit vir ons sê. Stuur vir ons 'n epos op die webwerf, of 'n direkte epos aan Lynette. Jy kan die forum gebruik op ons webwerf (eksklusief

notule is beskikbaar indien u dit sou wou deurlees en is u welkom om vir Lynette hieroor te kontak.

korrekte amptenare se aandag te bring, met die doel om dit heeltemal op te los. Ons het selfs direk met die Adjunk Minister, Mnr G Oliphant in gesprek getree rondom, onder andere, hierdie kwessie.

vir SADPO-lede). Jy kan ons selfs kontak op ons LinkedIn profiel. Jy is ook welkom om die Dagbestuur te skakel.

DIESEL RABAT

Tesourie het in Januarie 'n besprekings dokument in die Staats Koerant gepubliseer wat vir ons as delwers baie goeie nuus was, aangesien, onder andere die voorstel was dat in mynbou, nie die reg- of permithouer nie, maar die aktiwiteit wat uitgevoer word die kwalifiserende vereiste sal wees om te bepaal of Diesel Rabatte geëis kan word of nie. Ten spyte van hierdie goeie nuus, was daar nog ander aspekte wat aangespreek moes word. SADPO het al hierdie ander aspekte uitgewys en voorgestel dat ook dit ingesluit sal word as die Wet en sy Regulasies verander word, by wyse van 'n kommentaardokument, opgestel deur Weber Wentzel Prokureurs, en ingedien voor die sperdatum, soos versoek deur die Tesourie.

Sedertdien het maande verloop en was daar gerugte dat ons uitsluitsel hieromtrent sal kry voor die einde 2017. Ons het egter 'n opvolg vergadering by die Kamer van Myne gehad op die 21ste November, waartydens ons meegedeel was dat daar in wese eintlik nog niks gebeur het nie. Dit wil voorkom of ook die Staats masjinerie tot stilstand gekom het in afwagting op die ANC leierskap verkiesing in Desember 2017. Hierdie aspek was totaal onaanvaarbaar bevind deur die vergadering as geheel (verteenwoordigend van die totale Mynbou Industrie) en is besluit om vanaf Mynbou se kant die saak op te neem met Tesourie en SARS. SADPO het weer vir Weber Wentzel opdrag gegee om ons hierin by te staan. Daar word nou weer 'n dokument opgestel wat die impak van die gesloer hieromtrent op die Mynbou Industrie het. Hierdie dokument word so opgestel dat dit kan dien as voorbereiding op litigasie, sou dit nodig word, en sal namens die Mynbou Industrie as geheel ingedien word. Belangrik vir ons is die feit dat ons as Delwers se unieke behoeftes hierin vervat sal word – vandaar dan ook ons behoefte om Weber Wentzel hierby te betrek. Aangesien dit op jaareinde is, en ons die totale Mynbou Industrie betrek, het die afgelope vergadering besluit om almal se insette teen einde Januarie 2018 te ontvang en dat die gesamentlike dokument voor einde Februarie aan Tesourie en SARS voor te lê. Indien daar enige reaksie van die Staat se kant voor genoemde datum kom sal daar natuurlik herbesin word.
Dit is nie vir ons aangenaam om hierdie soort nuus aan u oor te dra nie, maar dit is ongelukkig die feite en het ons geen alternatief as om dit so te aanvaar.

TENDER DATUMS VIR 2018

Graag gee ons solank aan u 2018 se tenderdatums deur wat ons ontvang het van ons lid bemarkingsentiteite, naamlik CS Diamonds (Kimberley) & NDM (Wolmaransstad):

22 – 25 Januarie 2018
19 – 22 Februarie 2018
19 – 22 Maart 2018
16 – 19 April 2018
14 – 17 Mei 2018
18 – 21 Junie 2018
23 – 26 Julie 2018
20 – 23 Augustus 2018
17 – 20 September 2018
22 – 25 Oktober 2018
19 – 22 November 2018

Sodra Mahube Diamonds se tenderdatums vir 2018 gefinaliseer is, sal dit ook aan u gekommunikeer word.

NUWE MYNBOU HANDVES

Die Hofsaak wat die Kamer van Mynwese aanhangig gemaak het om die implementering van die nuwe Mynbouhandves te stop is uitgestel vir 19 tot 21 Februarie 2018. SADPO hou hierdie saak ook fyn dop en sal ons aan u berig sodra daar enige vordering hierin gemaak word.

BORGE VIR 2018 KONFERENSIE

Ons is reeds besig om borge te nader vir ons volgende Konferensie en vra dat u asseblief met u diensverskaffers sal gesels en hoor of hulle nie 'n borg wil wees nie. Ons wil graag die gehele Konferensie se kostes dek met borge se bydrae en wil nie ons lede se gelde hiervoor gebruik nie. Indien enige persoon verdere inligting verlang is u welkom om kontak te maak met die Sekretaris.

RSA MYNBOUINDUSTRIE BENODIG EKSPLORASIE

Dr John Bristow, wat as konsultant op ons Nasionale Komitee dien, het onlangs 'n baie insiggewende onderhoud gevoer met die Mining Weekly rakende die noodsaaklikheid van eksplorasie in Suid Afrika. Gaan kyk gerus die onderhoud: http://www.miningweekly.com/article/exploration-junior-culture-urgently-needed-to-save-mining-bristow-2017-10-16

UITTREKSEL VAN MNR H SEASE SE ONLANGSE BOODSKAP

As the DMR we want to thank you all in taking the baton this year and ensuring that it will reach 2018 healthy and safe. I have always believed that nothing is impossible in this world if we all and I mean all of us work together smartly. Health and Safety is a mind-set thing and to me, the most precious gift GOD ever gave to a man was the brain and failure to use the Brain I see it as the ONLY sin there might be in the world. You can sum up the Bible in few words, "Failure to use your mind amount to being Un-Godly".

It is the last term at schools and we all have to pray and pledge support for all parents whose children will be writing examination and adults who are writing too. It is a stressful situation but we know that whatever happens, like Diamonds

DMR NOORD WES KWARTAALLIKSE NUUSBRIEF

Hiermee 'n uittreksel van Mnr Thabo Ngwenya se nuusbrief waarop ons graag almal se aandag wil vestig:

"Amongst other reasonable measures, the employer must ensure that the following measures are complied with:

1) All lifting activities are planned and all signals and communications are agreed to before lifting commences;
2) All lifting equipment, securing points and

SLUITING TYDENS FEESTYD

Ons stel u graag in kennis dat die Sekretaris se kantoor gesluit sal wees vanaf 15 Desember 2017 tot 8 Januarie 2018. Maar die Dagbestuur is steeds telefonies beskikbaar en u is welkom om ons te kontak. Voorsitter – Gert van Niekerk (082 802 1888) & Lynette Kruger (071 889 9850). Ons volgende nuusbrief sal einde Januarie 2018 verskyn.

which can withstand any bad weather, so they shall overcome and eventually shine like polished diamonds. We also need to pledge support for those whose plans and aspirations for 2017 did not materialise as per their wishes and let them know, today is a door to a Tomorrow and today is good and tomorrow shall be GREAT. To be the Greatest is our destiny.

Great wishes to all our family in during this period. Let us keep on shining.

Regards
Mohlouwa (HOOF INSPEKTEUR – Noord Kaap)

material are certified fit for the task;
3) Always ensure that all loads to be lifted do not exceed the capacity Safe Working Limit (SWL) of the lifting equipment;
4) Only trained, competent and authorized personnel are allowed to operate lifting equipment;
5) All lifting equipment to be inspected, load tested, maintained according to approved mine standard."

KERSFEES

Aan al ons lede, vriende & kollegas,

SADPO wil graag aan u & u geliefdes 'n baie geseënde Kersfees toewens. Mag hierdie tyd vir u vol liefde en geluk wees. Ons hoop is dat u werklik Jesus se seën sal ervaar. Indien u reis met vakansie, bid ons dat u veilig by u bestemming sal uitkom.

Ons wil u elkeen bedank vir u ondersteuning in 2017 – dit was nie 'n maklike jaar nie. Maar sonder ons lede wat soveel omgee vir hierdie bedryf soos ons, kon ons nie voortbestaan nie.

Ons wens ook vir almal 'n blink 2018! Mag hierdie 'n jaar wees waar ons almal saam staan teen die dinge wat verkeerd is en mag ons almal hande vat en mekaar ondersteun.

Beste wense,

SADPO Nasionale Komitee

NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos, Edith van Wyk

TENDERHUISE: CS Diamonds, Mahube Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK
SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart
SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes), Edith van Wyk (Noord Wes), Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)
KONSULTANT: Dr John Bristow, PhD.

Webtuiste: http://sadpo.co.za/
Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

IT'S NOT WHAT'S UNDER THE CHRISTMAS TREE THAT MATTERS, BUT WHO IS AROUND IT.